

Bela

'n Duisend maal NEE vir Bela

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe	2
Opgawe van figure	2
Inleiding en doel.....	3
Metodologie	4
Resultate	4
Word Afrikaans deur die Bela-wetsontwerp bedreig?	4
Word die gehalte van onderrig deur die Bela-wetsontwerp bedreig?	5
Die verhouding tussen die staat en skole	6
(Meer) magte aan beheerligame.....	6
Die staat speel 'n ondersteunende rol	7
Geen staatsbeheer.....	7
Skole moet hulself bestuur	8
Minder staatsbeheer.....	8
Skole moet onafhanklik wees.....	8
Ander	8
Onseker	9
Meer staatsbeheer.....	9
Sentiment oor die Bela-wetsontwerp.....	9
Afrikaanssprekendes se opinie oor die Bela-wetsontwerp.....	10
Negatiewe sentiment	10
Bela is nie in beste belang van leerlinge nie.....	11
Die staat wil beheer	11
Ouers word van hulle regte ontnem	12
Die onderdrukking van minderheidsgroepe.....	12
Ongrondwetlikheid	12
Nie geklassifiseer.....	13
Gevolgtrekking	13
Bronne	14

Opgawe van figure

Figuur 1 – Word Afrikaans deur die Bela-wetsontwerp bedreig?	4
Figuur 2 – Word gehalte-onderrig deur die Bela-wetsontwerp bedreig?.....	5
Figuur 3 – Publieke sentiment met betrekking tot die Bela-wetsontwerp.....	10

Inleiding en doel

In 1993 het die minister van basiese onderwys besluit dat alle wetgewing met betrekking tot basiese onderwys hersien moet word as 'n strategiese prioriteit vir die Departement van Basiese Onderwys (DBO). Hierdie besluit van die minister het uiteindelik aanleiding gegee tot die wysigingswetsontwerp waarna daar in hierdie verslag verwys word.

Solidariteit het reeds met die publikasie van die aanvanklike weergawe van die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (Bela-wetsontwerp) in 2017 deelgeneem aan die openbare prosesse en sy kommentaar ingedien. Meer onlangs, in 2022/3, het Solidariteit ook aktief deelgeneem aan hierdie prosesse nadat 'n bygewerkte weergawe van die voorgestelde wysigingswetsontwerp op 6 Desember 2021 in die *Staatskoerant* vir kommentaar gepubliseer is.

As belanghebbende en verteenwoordiger van lede in die openbare en privaat onderwyssektor het Solidariteit tydens die laaste geleentheid, soos genoem, skriftelike kommentaar ingedien. Solidariteit het ook op uitnodiging 'n parlementêre voorlegging aangebied waartydens hy sy standpunte aan die portefeuljekomitee verbaal gekommunikeer het. Openbare verhore wat in 2023 gehou is, is ook deur Solidariteit bygewoon, waartydens kommentaar nie net mondeling gelewer is nie, maar ook skriftelik ingedien is.

Ongeveer 9 000 uit 11 000 aanlyn insette (e-pos of Google-formaat) wat op 'n sigblad deur die Portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys weergegee word, is teen die aanvaarding van die Bela-wetsontwerp gekant, en slegs 150 van hierdie insette dui aan dat hulle ten gunste van die wetgewing is. Desondanks is hierdie wysigingswetsontwerp met 'n meerderheidstem deur die komitee aanvaar.

Op 26 Oktober 2023 het die ANC-regering ook, met steun van die EFF, IVP, NFP en AIC, sy groot meerderheid gebruik en dié wysigingswetsontwerp tydens 'n sitting van die Nasionale Vergadering met 223 stemme goedgekeur. Die proses om Bela as wet te bekragtig, gaan dus voort deurdat dit aan die Nasionale Raad van Provinsies voorgelê word waar daar dan weer gestem sal word. Dit is egter moontlik dat die Nasionale Raad van Provinsies weer met die publiek in gesprek kan tree.

Sou hierdie stemming ook ten gunste van die Bela-wetsontwerp wees, sal die wetsontwerp op die tafel van president Ramaphosa geplaas word sodat hy dit kan onderteken om dit as wet te bekragtig, waarna dit geïmplementeer kan word.

Daar hang egter 'n vraagteken oor die rol wat insette tydens die proses van openbare deelname gespeel het, en Solidariteit en ander organisasies asook politieke partye is van mening dat veral minderheidsgroepe se insette met betrekking tot die Bela-wetsontwerp en hoe dit sulke gemeenskappe beïnvloed, nie in ag geneem word nie. Gevolglik is 'n kort vraelys saamgestel wat ten doel het om as steekproef vir die sentiment van die Afrikaanse taalgemeenskap te dien.

Hierdie steekproef poog om die sentiment van die deursnee Afrikaanse ouer, wat as minderheidsgroep steeds 'n belang by die onderrig van hulle kinders het en as burgers van Suid-Afrika, weer te gee.

'n Vraelys op die SurveyMonkey-platform is per skakel aan geteikende Facebook-gebruikers deur middel van I-leads gestuur. Afrikaanse persone met skoolgaande kinders is in hierdie geval geteiken. Die vraelys was vanaf 4 Oktober tot 16 Oktober beskikbaar om ingevul te word.

Metodologie

Die navorsing wat hier onderneem is, kan as 'n gemengde metode-navorsingstudie beskryf word. Dit bestaan uit kwalitatiewe en kwantitatiewe komponente. Die kwantitatiewe data is hoofsaaklik deur beskrywende statistiese tegnieke ontleed, terwyl kwalitatiewe teks deur middel van inhoudsontleding ondersoek is.

Altesaam 1 302 respondente het aan die studie deelgeneem. Die studie het uit vyf vrae bestaan. Al die respondente het al vyf vrae beantwoord.


Resultate

Word Afrikaans deur die Bela-wetsontwerp bedreig?

Die eerste vraag wat aan respondente gestel is, handel oor die verband tussen Afrikaans en die voorgestelde wysigingswetsontwerp. Die minister van basiese onderwys, Angie Motshekga, is in die media aangehaal waar sy verskeie kere gesê het dat Afrikaans nie die teiken van die Bela-wetsontwerp is nie (nuutste uitsprake op Sondag 28 Oktober tydens 'n mediakonferensie oor die matriekeindeksamen). Dit is egter belangrik om van die taalgemeenskap self te verneem wat hulle gevoel hieroor is.

Die oorgrote meerderheid (98,16%) respondente is volgens die studie van mening dat Afrikaans wel deur hierdie wysigingswetsontwerp bedreig word. Die rede hiervoor is moontlik dat Afrikaanssprekende persone onderrig nie net as die oordrag van kennis en vaardighede beskou nie, maar ook as die oordrag en bevestiging van die taal as moedertaal. Afrikaans se bestaan word dus ook gekoppel aan die onderriginstellings waar dit die medium van instruksie en onderrig is. Om Afrikaanse skole te beskerm, voel dus vir Afrikaanssprekendes ook asof hulle die taal self beskerm.

Slegs 10 (0,77%) respondente het aangedui dat hulle nie voel dat Afrikaans deur die Bela-wetsontwerp bedreig word nie, terwyl 14 (1,08%) respondente onseker hieroor voel.



Figuur 1 – Word Afrikaans deur die Bela-wetsontwerp bedreig?

Word die gehalte van onderrig deur die Bela-wetsontwerp bedreig?

Amper al die respondente (99%) het aangedui dat hulle van mening is dat die gehalte van onderrig wat in skole aangebied word, negatief deur die Bela-wetsontwerp beïnvloed sal word.


Oor die algemeen presteer Afrikaanse skole in Suid-Afrika goed, en die meeste van hierdie skole word suksesvol deur hulle beheerliggame bestuur. Skole waar beheerliggame nie besonder betrokke is nie of waar die staat in beheer van die skool staan, presteer oor die algemeen swakker. Verder het hierdie skole 'n reputasie van verval en swak dissipline, wat meebring dat 'n kleiner aantal leerders aansoek doen om toelating tot hierdie skole. Die leerders en ouers wat van hierdie skole vervreem voel, doen egter toenemend aansoek by die presterende en veral Afrikaanse skole. Dit blyk dat gehalte-onderrig en dissipline juis die beweegredes hiervoor is.

Indien die Bela-wetsontwerp aanvaar en uitgevaardig word, sal dit impliseer dat die staat meer mag kan uitoefen met betrekking tot die taal- en toelatingsbeleid van skole. Die beheerliggaam sal dan minder magte hê. Hierdie oordrag van mag sal die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente deur middel van hul departementshoofde in staat stel om toelatings- en taalbeleide te omseil. So 'n magsoordrag sal impliseer dat die Departement van Basiese Onderwys meer betrokke sal wees by die operasionele aspekte van skole, wat die bepaling van toelating en onderrigtaal by skole insluit.

Die staat en die onderwysdepartement boesem tans geen vertroue by die Afrikaanssprekende publiek in nie. 'n Vyandigheid teenoor die Afrikaanssprekende word meermale deur onder andere die minister van basiese onderwys en ander amptenare verwoord. Verder presteer die Suid-Afrikaanse skoolgaande jeug, veral in ander openbare skole, nie na wense nie en is die stand van onderwys tans nie baie gunstig nie.

Daar word algemeen aanvaar dat die Bela-wetsontwerp die regering in staat sal stel om reeds vol klaskamers met nog meer leerders te oorlaai. Die vrees ontstaan dat oorvol klaskamers en 'n veranderde taaldemografie die hoëgehalte-onderrig wat tans in Afrikaanse skole te vinde is, negatief sal affekteer en dat hierdie skole dieselfde mate van verval sal ondergaan as skole wat reeds verengels het of wat onder staatsbeheer staan.

Daar was wel vyf (0,38%) respondente wat van mening is dat die wysigingswetsontwerp nie die gehalte van onderrig sal beïnvloed nie, terwyl agt (0,61%) respondente aangedui het dat hulle onseker voel oor hoe dié wetgewing die gehalte van onderrig sal beïnvloed.



Figuur 2 – Word gehalte-onderrig deur die Bela-wetsontwerp bedreig?

Die verhouding tussen die staat en skole

In die aanhef tot die Suid-Afrikaanse Skolewet (No. 84 van 1996) (SASA) word 'n baie spesifieke verhouding tussen skole en die staat beskryf. Hiervolgens bestaan daar 'n behoefte aan 'n stelsel wat "... ons verskeidenheid van kulture en tale sal beskerm en bevorder, die regte van alle leerders, ouers en opvoeders sal handhaaf, en hul aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en finansiering van skole in vennootskap met die Staat sal bevorder ...".

Dit is dus die bedoeling van die Skolewet dat die beheer en die bestuur by die ouers (deur middel van die beheerliggaam) moet lê en dat daar 'n vennootskap met die staat moet wees. Die staat se doel is dus nie om aan skole voor te skryf en besluitneming wat by die bestuur van die skool berus, oor te neem en hierdie magte van die beheerliggaam weg te neem nie.

As gevolg van die wyse waarop die Bela-wetsontwerp hierdie verhouding sal beïnvloed, is respondente in 'n oop vraag gevra wat, na hulle mening, die verhouding tussen die staat en openbare skole behoort te wees.

Na kodifisering en inhoudsanalise is nege hooftemas geïdentifiseer.

(Meer) magte aan beheerliggame

Respondente voer aan dat ouers die besluite moet neem en dat die beheer en bestuur by die beheerliggaam van die skool moet berus, soos dit dan ook tans plaasvind.

Dit is opvallend dat ouers nie van staatsbeheer hou nie en dat hulle van mening is dat die staat nie bevoeg is om besluite op grondvlak te neem wat skole op hierdie wyse operasioneel direk beïnvloed nie. Sterk klem word op taal, kultuur en godsdiens gelê en dat die beheerliggaam die ouers verteenwoordig en daarom die mag moet hê om besluite te neem. Finansiële besluite word pertinent genoem. Behalwe dat ouers die staat nie met hulle kinders vertrou nie, vertrou hulle die staat ook nie met die skool se geld nie.

Bekommernisse soos die onderstaande is geopper:

"Skole moet demokraties kan besluite neem oor hul huishoudelike sake."

"Dat die beheerliggaam en die bestuur van die skool steeds kan besluit oor operasionele sake, taal van onderrig en unieke behoeftes van die skool en die omgewing waar in die skool is. Die departement moet toesien dat kwaliteit onderrig plaasvind en kwaliteit kontrole uit oefen. Elke skool is uniek. Elke skool funksioneer en doen dinge anders. Daarom moet daar grootendeels besluite deur die beheerliggaam en bestuur van die skool geneem word."

"Skole met 'n beheerliggaam hoort self die skool te bestuur. Die staat het al menigte male bewys dat alles waaraan hulle vat in die grond in bestuur word. My kind se kwaliteit onderrig is nie onderhandelbaar nie."

"Staat MÓÉT uitbly. Ouers en gemeenskap van skool móét sê hê in opvoeding en dit wat kinders leer en aan blootgestel word. DIT IS 'N OUER SE PLIG EN REG. Nié 'n voorreg nie."

"Die huidige stelsel werk. Die beheerraad moet die laaste sê hê. Staat dra glad nie die Afrikaans sprekende kind se belange op die hart nie. Beheerliggaam speel 'n baie groot rol in beheer van ons skole se finansies, onderrig en kinders per klas."

Die staat speel 'n ondersteunende rol

Verder is ouers van mening dat die staat 'n rol te speel het in openbare skole, maar dat daardie rol beperk moet wees tot 'n meer ondersteunende rol.

Dit is opvallend dat Afrikaanssprekende persone wel positief voel oor die staat se betrokkenheid by skole. Dit is moontlik dat hulle steeds voel die staat het 'n plig teenoor kinders en gemeenskappe en dat die staat 'n verantwoordelikheid het wat hulle teenoor skole moet nakom. Dit is egter duidelik dat die rol wat die staat volgens die Afrikaanse taalgemeenskap in skole moet speel, nie verder as dié van 'n gelyke of selfs minderheidsvennoot moet gaan nie.

Respondente stel dit baie duidelik dat die staat nie sy wil moet afdwing nie, maar dat hy skole moet vertrou om hulself te kan bestuur en self besluite te kan neem. Afrikaanse mense verkies dus die afwenteling van mag, terwyl basiese dienste en infrastruktuur om hulle te ondersteun, deur die staat gelewer moet word.

Ouers wil self in beheer van die skole staan waar hulle kinders skoolgaan. Hulle beskou hulleself nie as totaal onafhanklik nie maar beskou die staat as 'n diensverskaffer eerder as die oppergesag.

Menings wat hierby aansluit, sluit onder andere die volgende in:

“Een van vertrou en ondersteuning deur staat aan openbare skole. Funkisionerende skole word bedreig deur die staat.”

“'n Vennootskap, nie 'n diktatorskap nie.”

“Die staat moet 'n ondersteunende rol speel en nie voorskriftelike reëls afdwing nie.”

“Een van samewerking en hulpverlening.”

Geen staatsbeheer

Daar was wel respondente wat aangedui het dat daar geen vorm van staatsbeheer by skole moet wees nie.

Dié respondente het oor die algemeen min of meer dieselfde frases gebruik en min van hulle het werklik uitgewei oor hulle standpunte. Dit is nie duidelik of hierdie respondente voel die staat moet wel 'n ondersteunende rol speel nie. Dit is egter duidelik dat die staat volgens hierdie persone geen vorm van beheer of besluitnemingsbevoegdheid vir 'n skool moet hê nie.

Menings het onder andere die volgende ingesluit:

“Die staat is die wetgewer. Skole is deel van 'n groep/kultuur/dorp/gebied se identiteit. Die staat moet DAAR glad nie inmeng nie. Dit sal ons alreeds amper-geen vertrou in die staat totaal vernietig.”

“Staat moet uitgehou word, hulle mors dit alreeds op met die bestaande leer stelsel. Hulle is onbevoeg en hier deur wil hulle net die Afrikaner onderdruk.”

“Staat moenie enige se hê wat in skole gebeur nie.”

“Die staat behoort geen seggenskap of invloed van enige aard op openbare skole te hê nie.”

Skole moet hulself bestuur

Alhoewel die openbare diskoers van selfbestuur ten opsigte van skole volgens aanname onder die beheerliggaam val, maak sommige ouers geen melding van die aard van die bestuur van die skool nie, maar beklemtoon wel dat die skool homself moet bestuur en sy eie besluite moet kan neem. Dit is opvallend dat sommige respondente geen vorm van bestuur of besluitneming in die hande van die staat wil plaas nie:

“Elke skool moet volgens hulle eie deskresie en behoeftes gelei word.”

“Skole moet die laaste sê kan hê.”

“Openbare skole moet hulle eie besluite kan maak en nie net volgens staat voor gesê word nie”

“Skole moet eie besluite te maak.”

Minder staatsbeheer

Alhoewel dit duidelik is dat ouers saamstem dat die staat beperkte of selfs geen magte moet hê nie, is daar ouers wat wel van mening is dat die staat se beperkte rol nie uitsluitlik ondersteunend van aard moet wees nie, en dat skole toegelaat moet word om hoofsaaklik self besluite te kan neem. Antwoorde het veral klem gelê op minimale insette van die staat:

“Die staat moet 'n minimum sê hê.”

“Staat moet minimum inset gee en invloed hê.”

“Staat moet minimale insette hê.”

Skole moet onafhanklik wees

Daar was ook respondente wat aangedui het dat hulle van mening is dat skole onafhanklik van die staat moet wees. By wyse van spreke impliseer dit ook dat skole dus moet privaatiseer en geensins afhanklik van die staat sal wees nie. Dit is nie duidelik of al die respondente privatisering en onafhanklikheid binne hierdie konteks so verstaan nie.

Die meeste respondente wat onafhanklikheid aangevoer het, het slegs “onafhanklik” geskryf, terwyl 'n paar respondente wel hieroor uitgewei het.

“Die skool moet onafhanklik wees en die staat glad nie inmeng by openbare skole nie. Openbare skole moet hulle eie reëls en so aan hê.”

“Laat dit heeltemal privaatiseer.”

“Elke skool ken sy gemeenskap en moet onafhanklik die gemeenskap dien!”

Ander

Daar was 'n klein aantal respondente wie se antwoorde op hierdie vraag nie binne 'n sekere tema geklassifiseer kon word nie en wat met betrekking tot die vraag nie 'n werklike aanduiding gee van die wenslike verhouding tussen die skool en die staat nie.

Van hierdie antwoorde sluit die volgende in:

“Almal is Suid Afrikanse Burgers

“1 tot 25”

“Laerskool – gratis”

Onseker

Slegs 25 (2%) van respondente het aangedui dat hulle onseker voel oor wat die gewenste verhouding tussen die skool en die staat moet wees. Van hierdie respondente het aangedui dat hulle nie kenners op hierdie gebied is nie en dus nie gemaklik voel om 'n opinie te lewer nie, terwyl ander slegs “N/A” geskryf het.

Meer staatsbeheer

Slegs twee respondente het aangedui dat hulle van mening is dat die staat meer beheer in openbare skole moet uitoefen. Een van die respondente het aangevoer dat die Bela-wetsontwerp soos dit tans daar uitsien, aanvaar moet word.

Die algemene sentiment is dat die staat nie toegelaat moet word om skole te beheer en te bestuur nie. Oor die algemeen is Afrikaanssprekendes gemaklik daarmee dat die staat 'n ondersteunende rol speel of, wanneer die staat billik is, selfs beperkte magte kan hê. Die staat word egter nie vertrou nie en ouers wil nie hê die staat met sy reputasie van mislukking moet ook onderwys (verder) negatief beïnvloed nie. Hulle is ook baie bekommerd oor die taal van onderrig en die kultuur van die skool, wat volgens hulle deur die Bela-wetsontwerp bedreig word.

* Respondente is direk aangehaal sonder dat aanhalings versorg of aangepas is.


Sentiment oor die Bela-wetsontwerp

Meer as 97% van die respondente wat aan hierdie steekproef deelgeneem het, het aangedui dat hulle negatief voel teenoor die voorgestelde wetswysigings, soos dit deur die Nasionale Vergadering aanvaar is.

Hiervolgens is dit duidelik dat die Afrikaanssprekende publiek nie ten gunste van die Bela-wetsontwerp is nie. Dit is duidelik dat hulle sentiment as 'n minderheidsgroep nie in ag geneem is nie en dat hulle regte en veral dié van die Afrikaanse kinders wat deur Afrikaanse ouers verteenwoordig word, deur die aanvaarding van hierdie wetgewing geskend sal word.

Respondente is nie ten gunste daarvan dat die regerende party in beheer staan van skole en die toelatings- en taalbeleid kan bepaal en die mag van ouers en beheerliggame sodoende kan verwater nie. Dit stem sterk ooreen met die bevindings van die vorige vraag, soos aangedui hier bo.

Slegs vyf (0,38%) respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle positief oor die wysigingswetsontwerp voel, terwyl 29 (2,23%) neutraal voel.



Figuur 3 – Publiek se sentiment met betrekking tot die Bela-wetsontwerp

Afrikaanssprekendes se opinie oor die Bela-wetsontwerp

In die laaste vraag wat aan respondente gestel is, is hulle gevra wat hulle opinie oor die Bela-wetsontwerp is.

Selfs al het die Portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys 'n proses van openbare deelname gevolg, is dit nie noodwendig so dat die gewone publiek bewus is van hierdie prosesse of weet hoe om daaraan deel te neem nie. Openbare verhore is dikwels op kort kennisgewing gehou of gekanselleer en is in baie gevalle nie gehou in gebiede wat vir mense van alle gemeenskappe maklik toeganklik is nie.

Hierdie vraag is as deel van die studie ingesluit om vir die Afrikaanse publiek 'n meer toeganklike platform te skep waar hulle hulle gevoel ten opsigte van die Bela-wetsontwerp kan verwoord.

Na kodifisering en inhoudsanalise is agt hooftemas geïdentifiseer.

Negatiewe sentiment

Tot soveel as 70% (915) van die respondente het aangedui dat hulle 'n algemeen negatiewe sentiment teenoor die implementering van die Bela-wetsontwerp koester. Saam met ander negatiewe kommentare wat handel oor die onderdrukking van minderhede en die ontneming van regte ens., stem hierdie negatiewe sentiment sterk ooreen met die sigblad wat deur die portefeuljekomitee in die parlement versprei is, waarin ongeveer 9 000 van die 11 000 insette nie ten gunste van die wetgewing is nie.

'n Groot aantal respondente het nie in hierdie vraag uitgewei waarom hulle negatief oor die wetgewing voel nie. Ander het egter bygevoeg dat taal en dissipline van die grootste bekommernisse vir ouers is.

“Baie negatief”

“Dit is belaglik.”

“Ek is gekant teen die nuwe beplande wet.”

“Disipline in skole gaan verswak omdat enige kind sonder vereistes toegelaat gaan word, en klasse in plaaslike skole gaan oorvol raak en reeds oorwerkte onderwysers gaan vererger.”

“Dit gaan n negatiewe impak he op moedertaal onderrig.”

Bela is nie in beste belang van leerlinge nie

Verder is ouers van mening dat die implementering van die Bela-wetsontwerp nadele vir skoolkinders inhou. Hulle is veral bekommer oor niemoedertaalonderrig, wat die vermoë om te leer negatief beïnvloed, maar voel ook dat dit die stand van onderwys in geheel in Suid-Afrika negatief sal beïnvloed.

Gehalte-onderrig is vir Afrikaanse ouers uiters belangrik. Hulle is graag betrokke by die skole waar hulle kinders onderrig ontvang omdat hulle hulle verantwoordelikheid met betrekking tot die opvoeding van hulle kinders besonder ernstig opneem. Hulle is nie te vinde daarvoor dat h'n staat wat volgens alle aanduidings geen verantwoordelikheid aanvaar en ernstig oor onderwys blyk te wees nie, op enige wyse by die onderrig van hulle kinders betrokke moet wees nie.

“Dit het geen positiewe bydrae tot ons kinders se onderrig.”

“Die Bela-wet gaan verhoed dat onderwys vooruit gaan ten koste van ons kinders.”

“Benadeel die kinders”

“Ek Kan nie dink dit Gaan werk nie. Skole Gaan agteruitgaan en dit bedreig die Taal waarin kinders onderrig Moet kry.”

Die staat wil beheer

Respondente se kommentaar het verder ook rondom die regering se sogenaamde magsbeheptheid gewentel.

Respondente sien die Bela-wetsontwerp as h'n stuk wetgewing wat die regering in staat sal stel om nog meer mag te bekom en dit dan in skole af te dwing. Die redes waarom die regering hierdie mag wil hê, word meestal gekoppel aan jaloesie omdat die skole waar die regering betrokke is nie presteer nie, of om toegang tot geld te verkry of om Afrikaans af te skaf. Die openlike afsku en vyandigheid teenoor die staat se klaarblyklike bedoelings is ooglopend. Dit is duidelik dat die regering geen vertrouwe inboesem nie.

Dit is egter interessant dat die respondente wel in die vorige oop vraag aangedui het dat hulle ten gunste van samewerking met die staat is en bereid sal wees om in vennootskap met die staat saam te werk wanneer die staat se rol meer ondersteunend van aard is en hy nie h'n vernietigende wil op burgers en veral hulle kinders en skole afdwing nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat vertrouwe in die staat se vermoë deur h'n bevoegde of onbevoegde regerende party bepaal word eerder as deur die idee van h'n regering as sodanig.

“Hoekom moet die staat alle beheer hê van ons kinders se opvoeding. Hoekom moet my kind se standarde verlaag sodat die staat hul sin kan kry. Nog n kaping”

“Net nog 'n magsvergryping”

“Te veel mag vir die staat wat al reeds nie hul beloftes en pligte nakom nie.”

“Magsbeheb en die regering weet hul onderwysstelsel word nie reg geïmplementeer nie en daar word nie die nodige leiding gebied aan agtergeblewe skole nie. Regering is jaloers omdat dit nogsteeds goed gaan in afrikaanse skole.”

Ouers word van hulle regte ontnem

Ouers in die Afrikaanse taalgemeenskap, soos reeds genoem, aanvaar volgens alle aanduidings uit hierdie studie volle verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders. Hulle beskou dit as hulle reg en plig om besluite te neem wat in die beste belang hiervan is en wil verdere uiting aan daardie regte gee deurdat hulle nóú betrokke is, nie net by die kinders nie, maar ook by die besluitneming en bestuur van die skool waar hulle besluit het om hulle kinders in te skryf.

Hierdie reg word ook in die SASA onderskryf en voorsiening word juis gemaak om beheerliggame te kies wat as verteenwoordigers van die ouers van die skool aktief hierdie rol vertolk.

Respondente voel veral ongelukkig dat hierdie regte van hulle ontnem sal word indien die Belawetsontwerp bekragtig word. Hulle is nie gemaklik daarmee dat hulle rol en reg as ouers deur die staat oorgeneem sal word nie.

“Dit hou die ouers uit hulle kinders se geleerdheid uit”

“Negatief. Ouers se seggenskap is belangrik. Kan nie net oorgegee word aan gowerment om te weet wat die beste is vir ons kinders nie.”

“Dit ontnem beheerliggame die verantwoordelikheid waarvoor hul in die eerste plek geskep is en met die krappery aan die huidige wetgewing, gee ons net nog 'n tree agteruit! Ouers het nie enige seggenskap nie, en die beheerliggame se primêre doel word ondermyn.”

Die onderdrukking van minderheidsgroepe

As minderheidsgroep is die Afrikaner, asook ander Afrikaanse taalgemeenskappe, baie sensitief vir die onderdrukking van sy taal en van sy spesifieke bevolkingsgroep. Vyandigheid teenoor Afrikaans, die Afrikaner en ook bruin mense word daagliks ervaar en bekragtig in SEB-beleide en -inisiatiewe.

Vir baie minderhede voel dit of skole van die min gemeenskapsinstellings is waar hulle nog op outonome wyse hulle taal en kultuur in die beste belang van hulle kinders, hulle kinders se opvoeding en die groter gemeenskap kan uitleef.

Hierdie skoolgemeenskap word egter nou deur die staat en die Belawetsontwerp bedreig. Vir hierdie bevolkings- en taalgroepe voel dit of hulle as minderhede bedreig word. Die feit dat die minister en ander amptenare en politici openbare uitsprake teen Afrikaans en veral die Afrikaner maak, bevestig juis hierdie sentiment en laat by ouers en ander gemeenskapslede geen twyfel dat hulle inderdaad onderdruk word nie.

“Onderdrukking van minderheid”

“Onderdrukkend tot afrikaans as taal en selfbeskikking oor eie besluitneming”

“Dis net n manier vir die staat om afrikaans en die waardes daarvan te onderdruk.”

Ongrondwetlikheid

“Ongrondwetlik”, sonder enige verdere omskrywing, was die antwoord van verskeie respondente. Dit is onduidelik waarom respondente so voel, tog kan afgelei word dat hierdie respondente so

verontreg deur die Bela-wetsontwerp voel dat hulle geen twyfel het dat sodanige wetgewing ongrondwetlik moet wees nie.

Regte wat in die Grondwet beskryf word, soos die uitoefen van keuses met betrekking tot taal en veral skool, kan moontlik redes wees waarom respondente dan aanvoer dat die Bela-wetsontwerp ongrondwetlik is.

Nie geklassifiseer

Slegs 20 (2%) respondente se antwoorde kon nie volgens die kriteria ontleed word nie. Antwoorde was meestal "N/A".

* Respondente is direk aangehaal sonder dat aanhalings versorg of aangepas is.

Gevolgtrekking

Solidariteit se standpunt met betrekking tot die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette is dat die wysigingswetsontwerp soos hy tans daar uitsien, nie bekragtig en geïmplementeer moet word nie.

Solidariteit is van mening dat artikels 4 en 5 van die Bela-wetsontwerp wat ten doel het om artikels 5 en 6 van die Suid-Afrikaanse Skolewet te wysig, skoolbeheerliggame van hul regte ontnem en die bedoeling van die Suid-Afrikaanse Skolewet ondermyn deur hierdie magte in die hande van die te departement plaas.

Alle aanduidings, volgens hierdie studie, is dat die sentiment van Afrikaanssprekendes hoofsaaklik dieselfde is. Mense vertrou nie die staat en die departement van onderwys nie en wil nie sien dat die toekoms van hulle kinders of hulle taal deur hierdie amptenare bedreig word nie.

Hulle wil veel eerder sien dat ouers in beheer van skole bly en self bepaal hoe daardie skool in die beste belang van die kind bestuur word.

Uit die data van hierdie steekproef kan afgelei word dat die prosesse van openbare deelname nie presies gevolg is nie en dat die kommentaar van die publiek en veral dié van minderheidsgroepe nie werklik in ag geneem is nie. Dit kan vertolk word as growwe nalatigheid van die wetgewende gesag en versuim van sy grondwetlike pligte teenoor die Suid-Afrikaanse publiek en veral minderheidsgroepe.

Dit is kommerwekkend dat die staat hom nie aan alle burgers van die land steur nie en hom slegs daarop toespits om sy eie ideologie na te streef. Dit lyk ook nie of hy enigsins die belange van kinders in ag neem nie.

Verder word die vennootskap soos in die SASA beskryf, deur die staat geminag en word die bedoeling van die Skolewet opsy geskuif om plek te maak vir 'n nuwe bedeling met betrekking tot basiese onderwys, wat in werklikheid eerder terugkeer na 'n stelsel waar staatskole aan die orde van die dag is.

Dit is egter nie wat die Afrikaanse taalgemeenskap vir hulle kinders wil hê nie.

Bronne

- 2023. Bela-wetsontwerp in parlement aanvaar. <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/bela-wetsontwerp-in-parlement-aanvaar/> Maroela Media, 26 Oktober.
- 2023. Process email batches -22nd Sept 2023 0001.xlsx. *PC on Basic Education*.
- Democratic Alliance. 2022. Basic Education Laws Amendment Bill (BELA), 2022, Public Submission. <https://press-admin.voteda.org/wp-content/uploads/2022/06/DA-Submissions-BELA-Bill.pdf>. 13 Junie.
- Nodada, B. 2023. DA will not let ANC bulldoze BELA Bill through Parliament. <https://www.da.org.za/2023/07/da-will-not-let-anc-bulldoze-bela-bill-through-parliament>. DA Newsroom. 17 Julie.
- Nodada, B. 2023. DA walks out of BELA bill clause-by-clause deliberations. <https://www.da.org.za/2023/08/da-walks-out-of-bela-bill-clause-by-clause-deliberations>. DA Newsroom. 15 Augustus.
- Prince, L. 2023. NV keur Bela goed, maar 'stortvloed hofsake dreig', sê betogers. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/onderwys/nv-keur-bela-goed-maar-stortvloed-hofsake-dreig-se-betogers-20231026>. Netwerk24, 26 Oktober.
- Prince, L. 2023. Verwerking van Bela-wetsontwerp begin nou in NRP. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/onderwys/verwerking-van-bela-wetsontwerp-begin-nou-in-nrp-20231108>. Netwerk24, 8 November.
- 2023. Process email batches -22nd Sept 2023 0001.xlsx. *PC on Basic Education*.
- Sobula, Y. 2023. Alcohol slae, admissions, language policy -all you need to know about the BELA Bill <https://www.news24.com/news24/southafrica/news/get-to-know-the-bela-bill-better-20230816>. News24, 16 Augustus.
- Strydom, N. 2023. Bela-wetsontwerp: Minister kap na kritici. <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/bela-wetsontwerp-minister-kap-na-kritici/#comments>. Maroela Media, 30 Oktober.
- Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.